# Toetrede

## Liturgie van die Lig

# Woorddiens

## Lesing 1: Markus 10:46-52 (1953)

46 EN hulle het in Jérigo gekom. En toe Hy en sy dissipels en 'n aansienlike skare uit Jérigo uitgaan, sit die blinde man, Bartiméüs, die seun van Timéüs, langs die pad en bedel.
47 En toe hy hoor dat dit Jesus die Nasaréner was, begin hy om uit te roep en te sê: Seun van Dawid, Jesus, wees my barmhartig!
48 En baie het hom bestraf, dat hy moet stilbly; maar hy het al harder uitgeroep: Seun van Dawid, wees my barmhartig!
49 Toe gaan Jesus staan en sê dat hy geroep moes word; en hulle roep die blinde man en sê vir hom: Hou goeie moed, staan op! Hy roep jou.
50 En hy gooi sy oorkleed af, staan op en kom na Jesus toe.
51 En Jesus antwoord en sê vir hom: Wat wil jy hê moet Ek vir jou doen? En die blinde man sê vir Hom: Rabboeni, dat ek mag sien.
52 En Jesus sê vir hom: Gaan, jou geloof het jou gered. En dadelik het hy gesien en Jesus op die pad gevolg.

## Lesing 2: Hebreërs 7:23-28 (1953)

23 En hulle het wel priesters geword in 'n groot aantal, omdat hulle deur die dood verhinder is om aan te bly;
24 maar Hy, omdat Hy vir ewig bly, besit 'n priesterskap wat nie op ander oorgaan nie.
25 Daarom kan Hy ook volkome red die wat deur Hom tot God gaan, omdat Hy altyd leef om vir hulle in te tree.
26 Want so 'n hoëpriester was vir ons gepas, een wat heilig, onskuldig, onbesmet, afgeskeie van die sondaars is, en wat hoër as die hemele geword het;
27 wat nie elke dag nodig het, soos die hoëpriesters, om eers vir sy eie sondes offers te bring en dan vir dié van die volk nie. Want dit het Hy net een maal gedoen toe Hy Homself geoffer het.
28 Want die wet stel as hoëpriesters aan mense met swakhede, maar die woord van die eedswering wat ná die wet gekom het, stel die Seun aan, wat vir ewig volmaak is.

## Broodjies vir die Pad

Brueggemann is right in speaking of "new orientation" in his discussion of the Psalms: we will never be the same but we can live abundantly, embracing our pain in light of new possibilities.

http://processandfaith.org/resources/lectionary-commentary/yearb/2012-10-28/proper-25

Mark's distinctive story-telling genius is on full display in this short incident packed with crucial significance. That blind man every traveler from Jericho to Jerusalem always sees on the side of the road shouts out to Jesus, "Son of David," a title which Mark has reserved to this pivotal point in his narrative. Immediately and out of nowhere the blind man recognizes Jesus as that One linked to Israel's deepest longing for a new breakthrough of God's abiding love and saving work that would be experienced one more, dramatic time. When Jesus asks him what he wants, Bartimaeus-- whom we have never seen before or again in Mark's version-- uses another, revealing address. He calls Jesus "My teacher," or rabbi, the one on whose every word I hang. The declaration made by Jesus is the key to this entire episode: "Your faith has made you well...." Then Jesus says, You've got what you asked for now you can go on your way. But Mark pointedly says Bartimaeus made the sanp decision to follow Jesus "on the way."

. . .

Continuing the dazzling work on the phenomenology of the human senses by Jean-Luc Nancy, Jacques Derrida and others, Jean-Louis Chretien explores the connection between hearing and seeing. He writes in The Call and the Response, "Rather than figure out how sight and hearing are opposed, the task is to think how one is included in the other... how we truly see only by listening and speaking..." He says, "we listen with our eyes." He makes an especially intriguing observation that in the Jewish and Christian traditions, "the eye listens and speech sees." Quoting St. Thomas Aquinas, he concludes, "The prophet who 'hears words that express an intelligible truth' is superior to the one who 'sees things that signify a truth' since words are signs more deliberate and expressive than what presents itself silently to the eye." (p. 38)

You and I-- all who read/hear Mark's narrative-- are in the same place as Bartimaeus. We are not "eye"witnesses, we only know what we have heard (and read). But also like Bartimaeus, what we have heard/read can enable us to "see" what cannot be seen in any other way. In Chretien's useful phrase, "how we truly see only by listening." Which, in our turn, converts us into "speaking" witnesses, followers.

. . .

Joining such an unlikely witness as the "blind" Bartimaues who "saw" things others had missed, are we now ready to say that through this "Son of David" whom I now chose to call "my teacher," I "see" how God works in and on the world, in and on me! I am no longer "blind" to God and God's unique ways? I am now ready to follow "in the way."

http://sacraconversazione.blogspot.com/2009/10/proper-25-year-b.html

◆◆◆

**Wat is voor ons niet onderhandelbaar? Die vraag staat centraal in het project 'Heilig'. Vandaag het antwoord van jurist, filosoof en auteur Maxim Februari.**

... Je moet nooit vergeten dat je een individu bent. Dat is precies het punt in je bestaan waarop je gegrepen wordt door kunst, of door religie. De spanning tussen die twee, dus tussen wat jou als individu eigen is en wat je aan een gemeenschap bindt, fascineert me.

"Plato zei: 'Wij hebben twee vurige paarden in onze borst. Het ene paard wil dat we tot de gemeenschap behoren en geborgen zijn. Het andere wil zich altijd onderscheiden, dat wil bijzonder zijn en beter dan anderen. Die twee driften beheersen ons. We zijn soms de balans kwijt, en soms vinden we voor even de balans.'

"Bij Plato is het intellect een heel kleine wagenmenner, een schriel mannetje dat die twee paarden in bedwang moet zien te houden. Maar dat is lastig om te doen. En je ziet juist in de discussie over wat heilig is die paarden alle kanten opgaan. Dan krijgt het intellect de spanning tussen individu en gemeenschap nauwelijks nog in bedwang."

http://www.trouw.nl/tr/nl/5116/Filosofie/article/detail/3337175/2012/10/25/Je-moet-nooit-vergeten-dat-je-een-individu-bent.dhtml

◆◆◆

In the context of that brilliant literary fiction created by Mark, Bartimaeus has a symbolic role. Here is someone empowered to see Jesus clearly. He immediately follows Jesus “on the road” (Greek: *en te hodo*). No one else in this central section makes the connection.

- A blind man at Bethsaida (8:22-26) eventually sees clearly but is sent home
- Disciples (8:27-9:1) cannot embrace a suffering messiah
- Transfiguration (9:2-13) does not achieve enlightenment for disciples
- Disciples have not understood prayer at healing of the mute spirit (9:14-29)
- Disciples argue over status in the kingdom (9:30-50)
- Disciples fail to welcome the children (10:13-16)
- Man with money (10:17-31) fails to become a disciple
- James and John seek special favors (10:32-45)
- Bartimaeus regains his sight and becomes a disciple (10:46-52)

Bartimaeus is part of a very small cast of characters in Mark’s Gospel who actually understood the identity and mission of Jesus. The others include:

- An unnamed woman who anoints Jesus for burial (14:3-9)
- Roman officer in charge of the crucifixion (15:39)

http://gregoryjenks.com/2012/10/22/pentecost-22b-28-october-2012

## Brood vir die Pad

### ’n Sagter kant van dieselfde werklikheid

*deur Wilhelm Jordaan*

Mense verlang op verskillende tye om verskillende redes na ’n utopie – ’n verbeelde, onmoontlike wêreld waar net mooi alles in almal se smaak val. ’n Plek soos Suid-Afrika nié is nie!

Die woord utopie in die oorspronklike Grieks beteken dan ook ’n “nie-plek” – ’n soort nêrens wat jy begeer êrens móét wees.

Utopiese voorstellings is ’n eeue oue verbeeldingspel; met duisende wat al gekom en gegaan het en nuwes wat steeds bedink word.

Sommige utopiemakers glo vas hul skeppings bevat werkbare oplossings vir alle lewensprobleme. Soos die filosoof Plato, wat in sy “Republiek” (360 v.C.) eenheid en harmonie in ’n klaslose staat idealiseer.

Die skilder Walter Battiss (1906-1982) het met sy fiktiewe, prettige “Fook-eiland” ’n “enklave van verbeelding” gevisualiseer. Dit was as protes teen die manier waarop streng sensuur in die 1970’s die kunste en die letterkunde in Suid-Afrika benadeel het; ’n (nie)plek waar kunstenaars vry kon leef en skep.

Ander utopiemakers werk satiries en skep banale wêrelde met bisarre reëls en leefwyses – as kommentaar op ’n bestaande werklikheid se boosheid, dwaasheid en ondeug, byvoorbeeld Thomas More se Utopia (1516), Voltaire se Candide (1758) en Kurt Vonnegut se Player Piano (1952).

In Candide word die spot gedryf met volslae optimisme wat te kenne gee alle rampspoed en katastrofes is die mens ten goede – solank die perspektief geld dat ’n goeie, almagtige Skepper in beheer is.

Dít, sê die karakter dr. Pangloss, is die beste van alle moontlike wêrelde: Gods water loop kabbelend oor gods akker. Dié benadering, sê dr. Pangloss, is nodig weens die mens se onveranderlike natuur.

Net soos wat valke nog altyd duiwe gevang het, maak mense altyd “jag” op ander – deur valsheid, diewery, ondankbaarheid, jaloesie, gulsigheid, ambisie, kwaadwilligheid, suinigheid, uitspattigheid, fanatisisme, geveinsdheid en dwaasheid. In die afloop van die verhaal koop Can-dide en sy vriende – ná baie omswerwings, ontberings en soektogte na die beste lewensfilosofie – ’n klein plasie waar hulle aftree. Dáár kry elkeen ’n taak wat die volle aandag opeis.

Utopiese denke is egter nie net ’n skrywersparadys nie. Baie mense verwyl hul dae en nagte deur pynlike verlangens na die ánder, beter plek elders: Dit wat hulle sal toelaat om beter mense te wees, beter te leef en al hul potensiaal te verwesenlik. Soos James Thurber in The Secret Life of Walter Mitty skryf oor die ingesteldheid van die onrealistiese aartsdromer.

So droom jy dan jou dae om pleks van te aanvaar daar waar jy woon en leef, is die enigste plek wat jy het. En al is dit dikwels ’n harde, ongenaakbare werklikheid, kan ’n mens sagter kante daaraan gee – soos Candide en sy vriende oplaas besef het: Deur meer taakgerig en minder selfgerig te wees. Al doen ons net dít, kan Suid-Afrika ’n beter plek word.

http://www.beeld.com/Rubrieke/WilhelmJordaan/n-Sagter-kant-van-dieselfde-werklikheid-20121023

wynandnel@iafrica.com 082 901 5877